# Die Olyftak



*Gewilde nuusberigte op ons eie tuisgrond*

Olive Crescent Aftree-Oord, h/v Leanderweg & Olivelaan, Olympus, Pretoria, 0081 Tel: (012) 809 2377 | Cell: 083 381 3475

**VOLUME 16** **AUGUSTUS / SEPTEMBER 2024**

**Van die redaksiespan**:

Die meeste van ons is nie lief vir die winter nie, en wens dat die lente tog net wil aanbreek… Toe breek Augustus aan en dit voel (is?) koud, donker, droog en stowwerig. Tog het die winter ook sy bekoring, soos die spatsels helder kleur van veral vetplantblomme, asook pragtige sonsondergange (ironies genoeg, juis vanweë al die stof in die atmosfeer).

Die agtergrond vir die voorsittersbrief hier onder is juis só 'n toneel, raakgesien en afgeneem deur Irene Botha (# 51) van reg voor die adminkantoor se deur hier in ons Oord. Dankie, Irene, dat jy hierdie stukkie vreugde met ons almal deel.

**Voorsittersbrief**:

Hier in die laat-winter is dit tog verrassend dat daar nog wit rose te siene is. Dankie, Morag, vir die snoeiwerk. Winter is 'n tyd wanneer alles vaal en droog is; tog is dit 'n tyd van afwagting, van opwinding oor die nuwe groei wat gaan kom. *To all residents – enjoy Spring Day on 1 September, and remember: 22/23 September is the spring equinox, when the day and night hours are equally long*.

Peter Cater het ons eie Olive Crescent-webblad ontwerp. Sien https://olivecrescent.co.za. Dié webblad sal 'n oop venster wees, waardeur die buitewêreld die waardes, kultuur en doel van Olive Crescent kan beleef. Baie dankie, Peter, dit is 'n waardevolle bydrae.

*Last month I wrote about residents who are so voluntarily involved in various activities in the Village. I cannot resist the temptation to give a special olive twig to the 'unknown', invisible benefactress in our community - someone who helps others in various ways, whether by kindness or physical help or support; all for no reward or personal benefit. May you be blessed!*

Ons is in hierdie aftreeplek hoofsaaklik om twee redes – (i) ter wille van ons belegging en (ii) om hier in die vertreksaal te bly totdat ons vlug arriveer. Vir beide redes is dit in ons eie belang dat ons plek nie alleen uiterlik in goeie fisiese toestand moet wees nie, maar ook intern 'n gelukkige inwonerkorps sal weerspieël. Alles wat ons hier doen – die trustees asook elke inwoner – is in belang van onsself. (*The more you put in, the bigger your reward*.)

*The Annual General Meeting (AGM) of the Body Corporate is scheduled for Thursday 29 August, when the business year ends in terms of the provisions of the 2016 Amendment Act. Trustees are then elected for the ensuing year. Interested residents can then be nominated for election.* Daar is veral 'n behoefte aan persone met kundigheid, agtergrond en 'n passie vir sake soos tegniese instandhouding, finansiële bestuur, regskwessies, tuinbou en -onderhoud en sekuriteit.

Vandeesmaand gee ek graag 'n olyftakkie aan Elly van Zyl. Sy is nie weer as trustee verkiesbaar nie. Elly het oor sewe jaar, as Trustee: Dienssentrum, haarself met onderskeiding aan Olive Crescent toegewy – 'n ware staatmaker!!

> **"I may not seem like the perfect for you, but I will be perfect in my loyalty towards you."**

Ontwikkeling van die erf aan ons oostekant het 'n aanvang geneem. Die beplanning is vir 'n dubbelverdieping-woonkompleks, soos aan ons noorde- en westekante. Aandag sal toenemend gewy word aan al die verskillende aspekte vir die bestaan van ons eilandjie in die betonoerwoud.

Arie Korf – 082 450 6959

## OORDSTATISTIEK — *VILLAGE STATISTICS*

Eenhede te koop: 3 (#53, #61, #81)  Eenhede verkoop: 1 (#68)

Eenhede te huur: geen

Reef – Etes voorsien: Julie – 1721

R@H – Bedokkupasie in Junie – 6 pasiënte; geen noodoproepe nie

## STAANDE KOMITEES — *STANDING COMMITTEES*



### DIENSTESENTRUM – SKD

Wat die spysenieringsdiens betref, verwelkom ons Clarisse de Clerq wat Susan Julyan opvolg as die nuwe chef in Olive Crescent.

Clarisse, ons vertrou jy sal gelukkig wees hier in ons Oord – en dat ons heerlik gaan smul aan die etes wat jy en jou span voorberei.

Die tydrooster waarvolgens die kombuis werk:

Wegneemetes is 12:00 gereed (ingeskep). Middagete in die eetsaal word van 12:30 af bedien.
Etes wat vir tuisaflewering bestel is, word ná 13:00 afgelewer.
Neem asseblief in ag dat omstandighede soms mag veroorsaak dat hierdie spertye met 'n paar minute oorskry word – byvoorbeeld tydens die onlangse waterkrisis en kragonderbrekings.
Dankie vir u geduld in sulke gevalle; die beloning is etes wat behoorlik voorberei en keurig opgedien word.

* * * * *

Wat gesondheidsorg in ons Oord betref, kan ons maar net weer benadruk hoe belangrik dit vir elke inwoner is om 'n werkende **paniekknoppie** te hê vir daardie onverwagse noodgeval.

Dankie vir elkeen se samewerking wanneer daar "op jou knoppie gedruk word" om die stelsel te toets.

**Elly van Zyl**

## TEGNIES – SKT

Gedurende die droë wintermaande word daar hoofsaaklik – maar nie uitsluitlik nie – gefokus op die verfwerk in ons Oord. Sedert die vorige *Olyftak* het die SKT-span goeie vordering gemaak met die verf van verskeie eenhede, houtrame en deure asook daknokke en die betonblaaie. Ons benodig egter steierwerk vir die verf van enkele daknokke wat nie veilig bereik kan word daarsonder nie.
Dit is ook geskeduleer en sal eersdaags afgehandel word.



Ons het die vullishouerstoor in geheel oorgeverf, wat ’n beduidende verbetering van daardie area tot gevolg gehad het. Tesame met die houtplankies wat reeds vroeër vervang is, is dié area nou op die verwagte en aanvaarde Olive Crescent standaard.

Ons het aandag gegee aan die padmerke en het enkele areas aangedui waar parkering nie toegelaat word nie omdat dit voetgangerdeurgang versper of beperk, veral vir persone wat met looprame of ander hulpmiddels moet beweeg. Dit beïnvloed egter nie enige bestaande geldige parkeerruimtes nie.



’n Belangrike projek, naamlik die struktuurversterking van die motorhuise by eenhede 53 en 54, is ook onlangs voltooi.

**Anton Joubert**

## SEKURITEIT – SKS




Daar was onlangs 'n voorval waar ’n motorbestuurder versuim het om by die stopteken naby die kombuis stil te hou en dit het byna ’n botsing veroorsaak. In die lig hiervan doen ons nogmaals ’n beroep op inwoners om by die spoedgrens van 15km/uur te hou en by die stoptekens stil te hou.

Die spieëls by die betrokke kruisings vervang nie die stoptekens nie; dis net ’n bykomende hulpmiddel om seker te maak die kruising is veilig.



Bring asseblief hierdie versoek ook onder u besoekers en afleweraars se aandag. Hoewel dit ’n laaste uitweg sal wees, kan boetes opgelê word vir verkeersoortredings. Sien gedragsreël 3.1.4 en 3.1.5 in dié verband. U samewerking in belang van veiligheid word waardeer.

Baie dankie ook vir almal se samewerking met die onlangse toets van al die paniekknoppies, om seker te maak dat dit in werkende orde is. Dit is belangrik om kennis te neem dat die oord se paniekknoppies slegs in die oord van toepassing is. Dit blyk dat daar ’n paar misverstande hieroor is. Dit sal nie buite die oord van enige waarde wees nie. Die knoppie registreer bloot die huisnommer by die hek en kliniek. Indien dit buite die kompleks gedruk word (en dit werk dalk omdat jy nog nie te ver weg beweeg het nie) sal die hekwag en kliniek uitgaan na die betrokke huis en nie na waar jy jou buite bevind nie. Dit het byvoorbeeld nie ’n GPS-funksie om jou ligging te bespeur nie.

**Piet van Deventer**

## INWONERSAKE – SKI

Trek is ’n kort woordjie, maar behels en impliseer baie werk. Vra gerus elke nuwe intrekker hier by Olive Crescent.

Ons kom uit groot huise en … ai tog, die liewe sentiment!

Die realiteit is dat ons kinders en kleinkinders nie ons goed wil hê, soos in die ou dae nie … of hulle het net eenvoudig nie plek daarvoor nie.

’n Mens het nodig om ’n kopskuif te maak en te poog om minimalisties te leef.

So was dit weer ons ervaring met ons Oord se nuwe intrekkers. Daar is net nie genoeg plek vir al die goed nie; dan moet mens die volwasse ding doen en weggee of vir liefdadigheid skenk.

Wees verseker dat AL ons ou inwoners ook dié pad geloop het.

Nietemin, dit was vir ons (lede van die Raad van Trustees) ’n voorreg om ’n aantal nuwe intrekkers te verwelkom:

Paul Sauer (*in absentia*) van eenheid 47 – van Welkom af (Paul, jy is nie on-Welkom hier in OC nie!)

Anna Lucia van der Merwe van eenheid 16

Chris en Froukje Welgens – van Nederland af

en Rina Muller – van Oman af.



Dit was ’n heerlike, rustige, gesellige byeenkoms.

Ons spreek die hoop uit dat julle spoedig ingeburger sal wees om deel van Olive Crescent se hartklop te word.

Inwonergroete **Gezina Lombard**

Soos in die voorsittersbrief genoem, het ontwikkeling van die aangrensende erf aan ons noord-oostekant begin. Die belang daarvan vir ons almal as inwoners (naas die veiligheidsaspekte) is dat die beboste gebied met al die voëllewe daarin skielik weg is …



In 2020



Tans …

Om inheemse plante en struike in ons tuine te plant word nou belangriker as ooit.

## OMGEWINGSAKE – SKO

RandWater se onderhoudwerk aan hul water-infrastruktuur was vir einde Julie beplan, omdat die vraag na water in die winter laer is en die ontwrigting van wateronderbrekings na alle waarskynlikheid minder ernstig sou wees. Tog het ons almal die effek van die onlangse onderbrekings beleef – wel korter as ander dele van die stad en provinsie, maar steeds baie ontwrigtend. Boonop gaan dit lank neem voor al die reservoirs weer vol is – ons moet maar bietjie geduldig wees as die druk nog lag bly.

Ons versoek inwoners dus ernstig om water uiters spaarsaam te gebruik.



* * * * * *

Wat die tuinwerkers betref – hulle volg ’n vaste skedule vir die werk in elke eenheid. Die werker moet by die betrokke inwoner aanmeld en die inwoner moet seker maak die werker weet wat hy moet doen; moenie bloot aanvaar hy weet wat u van hom verwag nie – en wees tog maar geduldig, asseblief. Verder: moet asseblief nie die werker langer as sy roostertyd by u eenheid hou nie. Sou u dit doen, maak dit inbreuk op die regte van die volgende inwoner op die skedule.

’n Volledige tuindiensrooster is op die kennisgewingbord in die eetkamer ter insae (en is ook ’n tyd gelede al per e-pos uitgestuur).

Opsommenderwys –

Op **Maandae** tussen 08:15 en 11:55 word eenhede 1, 3, 5, 6 en 7, asook eenhede 12, 14, 15, 17 en 19 se tuine versorg. Tussen 13:00 en 14:40 is dit eenhede 8, 10 en 13, asook eenhede 20 en 21 se beurt.

Op **Dinsdae** tussen 08:15 en 11:15 word eenhede 2, 4, 9, 11, 16 en 18, asook 24, 25, 26, 27, 28, 22, 23, 29 en 30 se tuine versorg. Tussen 13:00 en 14:20 is dit eenhede 70, 71, 72 en 73 se beurt.

Op **Woensdae** tussen 08:15 en 11:55 word eenhede 61, 68, 67, 65, 64, 66 en 69, asook eenhede 52, 51, 63, 62, 60, 58, 57 en 59 se tuine versorg. Tussen 13:00 en 13:20 kom eenheid 59 aan die beurt.

Op **Donderdae** tussen 08:15 en 11:55 word eenhede 41, 42, 43, 44, 45 en 46, asook eenhede 47, 48, 49, 50, 53, 54 en 55 se tuine versorg. Tussen 13:00 en 13:40 is dit eenhede 45 en 56 se beurt.

**Vrydae** word oopgehou vir spesiale algemene take en spesiale versoeke van inwoners. Indien daar vakansiedae op Maandae tot Donderdae val, kan inwoners wat dit nodig ag, ook versoeke vir diens op die betrokke Vrydag rig. **Woensdagmiddae** ná etenstyd (d w s ná 13:00) is ook beskikbaar vir take op spesiale versoek.

Rig versoeke vir spesiale take aan my, Roelf (# 26) asseblief – selnommer 071 195 2707.

**Roelf van Tonder**



***Nothing is absolute – neither values, nor happiness***

Wil jy die waarde van 'n miljoen jaar weet? Vra 'n argeoloog.
Die waarde van 'n eeu? Vra 'n geskiedskrywer.
Die waarde van 'n maand? Vra 'n salaris- of pensioentrekker.
Die waarde van 'n minuut? Vra 'n treindrywer of busbestuurder.
Die waarde van 'n sekonde? Vra 'n marathonatleet.
Die waarde van 0.01 sekonde? Vra Akani Simbine …

*For every item in the Olympic Games, gold, silver, and bronze medals are awarded.*
*Surely, the winners of gold are the happiest. Second?*
*Let's consider… Not the silver, but the bronze winners. They have beaten all the rest.*

## LIEF & LEED — *LOVE & LOSS*

Ons verwelkom die nuut-aangestelde verwer, Daniel, wat die tegniese onderhoudspan (Corrie en Caiphus) voortaan sal aanvul.

Ons vertrou julle sal dit geniet om saam hier in Olive Crescent te werk.





*In memoriam*

Johanna Venter (#36) is op 27 Junie oorlede.

Henning Pieterse (#13) is op 4 Julie oorlede.


Ons betuig hiermee ons diepe meegevoel met Pieter, met Sophia, asook met die familielede en vriende van die oorledenes.

**Hartlike gelukwense aan inwoners wat in Augustus verjaar –**

Dalene Fourie – # 79 (01/08)
Coosie van Coller – # 64 (04/08)
Wilna Meyer – # 68 (06/08)
Alfred Meintjes – # 49 (16/08)
Rina Muller – # 80 (18/08)
Erika Coetzee – # 33 (20/08)
Rink van Kleef – # 43 (25/08)
Steve van Dyk – # 14 (27/08)
Willie Kriel – # 19 (28/08)
Maureen Bubb – # 66 (30/08)

**… en wat in September verjaar –**

Kitty Scholtz – # 4 (12/09)
Schalk Krieg – # 25 (12/09)
Sophia Pieterse – # 13 (13/09)
Annette Grobler – # 39 (14/09)
Charlotte Joubert – # 28 (16/09)
Rynette du Plessis – # 62 (19/09)
Maryna Meintjes – # 49 (21/09)
Ina Riekert – # 58 (21/09)
Joey Scholtz – # 2 (24/09)



Die digter AG Visser het die volgende oor vroue gesê:



Die vrou is die sout van die aarde,
Die suurdeeg, beskou op die keper,
Al hoër steeds rys sy in waarde.
Sy's beide die sout en … die peper!
Wie ter wêreld verstaan ooit die vrou,
En wie sal haar geheimenis weet?
Haar verjaarsdae moet jy onthou,
Maar haar ouderdom moet jy vergeet!





Ek het weer die afgelope maande bogenoemde ervaar van elke vrou wat betrokke is by ons Damesklub.

Die Pannekoekprojek was 'n sprekende voorbeeld hiervan.

Ons vier in Augustus Vrouedag; dan gaan ons 'n heerlike musiekmiddag ervaar.

Ons bring hulde aan elke vrou en haar sterkte.

Terloops, ons gee nie om om ons ouderdomme bekend te maak nie!

**Gezina Lombard**




## DAGBOEK & SAMESYN *DIARY & SOCIAL EVENTS*




| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| DAMESKLUB | 1ste WOENSDAGMIDDAG van ELKE MAAND 14:30 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS DINSDAE 09:00 en VRYDAE 09:00 |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| VEERPYLTJIES | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00<br>in die SITKAMER van die OORD<br>onder Leiding van Ds ANDRé de VILLIERS |

# Care just got affordable

Retire at Home and The Property Chapter has joined forces to bring down the expensive cost of care. This is done by using a portion of the future commission earnable on the sale of fixed properties to subsidize the current care.

**How it works**
It starts with a free home-based care assessment. If eligible the owner grants a sole mandate to The Property Chapter on the eventual sale a fixed property. A sale is actioned when the person receiving care alienate the property, that is, unable or unwilling to occupy this property. After a quick approval process, services from Retire at Home will be discounted by 35%, for life.

## Possible savings

Full time sleep-in service

| | |
|---|---|
| Average normal monthly price | R23 000 |
| Discounted mandate price | R14 950 |

*Saving of*
***R 8 000** pm*

Care centre

| | |
|---|---|
| Average normal monthly price | R17 000 |
| Discounted mandate price | R11 050 |

*Saving of*
***R 5 950**pm*



Retire at Home
Professional homebased care and training
The Property Chapter
info@propertychapter.co.za | 0860 766 949
*For indicative purposes only | Prices subject to change | T's & C's Apply*